

Stellenbosch,

30 April 1932.

Aan die Redaksie,  
"Pro Libertate";  
Stellenbosch.

Waarde Here,

U bewys my die eer om my mening te vra oor die eerste nommer van U nuwe maandblad. Ek is egter nie seker of U bedoel: my mening oor die blad se joernalistieke styl e gehalte; of oor sy doel e strewe; of oor die behoefte aan so'n orgaan, naas die bestaande "Stellenbosse Student" nie.

Wat die laaste punt betref: ek was self verskeie jare redakteur gewees, e so het ek geleer om te vra of daar behoefte bestaan aan enige nuwe blad. Nie die behoefte aan uiting van hulle gevoelens by die wat in die blad skrywe nie; maar 'n behoefte onder die wat gevra word om te betaal om daardie gevoelens te <sup>mag</sup> lees. E dit kan ek natuurlik nie beoordeel nie. Deur 'n bietjie ervaring weet ek egter al dat die mensdom in die reël minder gretig is om te betaal om ander mense se menigte hoor, maar liever sal betaal as die blad skrywe wat hulle self graag wil hoor. Dis miskien jammer; maar dis waar. Dit sal vir U in alle geval nuttig wees om dit te onthou.

Wat die doel e strewe betref. Dit lyk vir my (deur die <sup>naam</sup> titel word dit reeds aangedui) dat die blad ligtelik revolusionair wil wees; laat ek sê, effens radikale studentepolitiek wil drywe; kans wil gee vir persoonlike uiting, al mag dit soms teen die heer-



sende gesag e heersende opvattinge gaan. U staa vir "vryheid van denke". En nie net dink nie (soo die papegaai wat die maats wou verkoop e waarvan hy beweer, toe die on dame vra of hy goed kan praat: "Nee, hy praat nie ~~soveel~~ nie, maar hy dink so baie!"); maar sê wat jy dink. - "Calling a spade a spade".

Dit kan ook goed wees; as dit eerlike oortuigings is, eerlik uitgespreek. Ek was baie jare lank student, hier e in verskeie Europese lande. Ek weet watter krasse dinge studente kan dink, - e sê. Dis in gesonde veiligheidsklep; alhoewel nie alles vir koud druk geskik mag wees nie.

En daarmee kom ek by my eerste punt (ek het drie, soos in predikant, maar ek behandel hulle agterstevor). Ek dink eerlik dat julle eerste nommer nog in Britjie prekerig en "zwaar op de hand" was. So in blad moet probeer om gewat e geestig e (wat moontlik is) oorspronklik te wees. Die laggende spotten maak die minste vyande.

Ek weet, in eerste nommer moet - dit hoort nou so - 'n standpunt e beginsels uiteensit; e in soets kan jy so min humor, ten minste bewuste humor, verwag soos in 'n party-programma. Des hoop ek persoonlik nog dat U blad nie net net kleries sal probeer slaan nie, maar (waar dit nodig is) die stryd teen engheid e benoudigheid lewin met vars lug e vrolike sonshyn sal voer. En as dit nodig is om teen skynheiligheid op te tree, onthou ook dat onder die kettere soms die grootste skynheiliges te vinde was.

As gewesene joernalis verseker ek U van my beroepsbelangstelling e van my beste wense; e ek wil U herinner: "Dulce est desipere in loco".

Het U al gedink aan Adam Tas en "Libertas"? Dis in plaaslike historiese motief vir U.

Die Uwe

J. H. Rosskopf.